

# Bestaan erdvarke regtig?

Storie deur Lesley Beake | Illustrasies deur Tamsin Hinrichsen



Die skooldag is verby. Dit is tyd om huis toe te gaan.

Samuel en Maryanne stap saam huis toe.

“Bestaan erdvarke regtig?” vra Samuel vir Maryanne.

“Ja.”

“Is hulle varke?”

“Nee.”

Die kinders stap en stap.

“Is erdvarke groot?”

“Ja.”

“Is hulle sterk?”

“Ja.”


Die kinders stap en stap.

“Sal hulle ons eet?”

“Nee.”

“Wat eet hulle?”

“Miere.”



Die kinders stap en stap.

“Leef erdvarke in bome?”

“Nee.”

“Vlieg erdvarke soos voëls?”

“Nee.”

Die kinders stap en stap.

“Woon erdvarke by mense?”

“Nee.”

“Hou erdvarke van heuning?”

“Nee.”

Maryanne hou op stap. Samuel hou op stap, maar nie vinnig genoeg nie. Hy loop in Maryanne vas. Sy lyk kwaad.

“Doen erdvarke ...”

Maryanne hou haar hand op.

“HOU OP VRAE VRA!”

“Maar ...”

“HOU OP!”

Maryanne wys vir Samuel ’n klein geboutjie. Daar is ’n teken op die gebou.

BIBLIOTEEK.

Samuel kyk na Maryanne.

“Weet hulle daar binne van erdvarke?”

“Ja.”

Samuel kyk na die biblioteek.

“Moet ek ingaan?”

“Ja.”

Samuel gaan in. Die biblioteek is vol boeke. Daar is honderde boeke. Miskien is daar duisende boeke. Hoe sal Samuel ’n boek oor erdvarke vind?


“Ja?” sê ’n vriendelike man.

“Het julle ’n boek oor erdvarke?”



Die vriendelike man bring ’n boek. Samuel gaan sit op ’n kussing om daarna te kyk.

- Erdvarke is groot – groter as die meeste honde.
- Erdvarke eet miere en ander insekte.
- Erdvarke maak hul huise onder die grond.
- Erdvarke kan goed grawe.
- Erdvarke leef op die grasvelde van Afrika.
- Erdvarke het nie tande nie.
- Erdvark beteken grondvark.
- Erdvarke kom net saans uit.



Samuel dink. Die gawe man maak 'n fotokopie van 'n prentjie van 'n erdvarke. Hy gee dit vir Samuel. Samuel dink nog.

“Erdvarke kom net saans uit,” sê Samuel.

“Ja.”

“Hoe weet ons dan van hulle?”

Die gawe man glimlag.

“Navorsers hou hulle baie fyn dop. Mense het kameras opgestel om saans van hulle foto's te neem. Mense skryf boeke wat ons alles van hulle vertel.”

Samuel dink daaroor na. “Maar hoe weet *kinders* van erdvarke?”

“Hulle vra vrae!”

Samuel en Maryanne stap huis toe. Samuel is baie stil. Hy dink aan erdvarke. Hy dink aan al die dinge wat hy van hulle weet.

Hy wens hy kan 'n erdvarke sien.



“Maryanne?” sê hy.

“Ja?”

“Kan ons laat wakker bly en na erdvarke gaan soek? Kan ons 'n flits vat en gaan kyk of daar erdvarke hier rond is? Kan ons uitvind of daar enige erdvarkgate is waarin hulle woon? Kan ons? Kan ons?”

“Nee.”

# Bestaan erdvarke regtig?

Storie deur Lesley Beake • Illustrasies deur Tamsin Hinrichsen

## Idees om oor te gesels

Samuel het 'n boek oor erdvarke gesoek. Watter soort boeke lees jy graag?  
Hoe anders kon Samuel van erdvarke uitvind? Hoe vind jy gewoonlik inligting?



## Visueel

Samuel het baie in erdvarke belanggestel. Wat is jou geliefkoosde wilde dier?  
Teken 'n prentjie daarvan. Skryf die naam van die dier onder die prentjie of vra iemand om jou te help om dit te doen.



## Lees

Kan jy die inligting in die storie gebruik om 'n "waar"- en "onwaar"-lys oor erdvarke te skryf?




## Skryf

Samuel het baie vrae oor erdvarke gevra omdat hy belanggestel het om van hulle uit te vind. Skryf 'n lys van agt tot tien vrae waarop jy graag antwoorde wil kry.



## Handwerk

Gebruik klei of speeldeeg om 'n erdvark te maak.



## Speel toneel

Voer die gesprek tussen Samuel en Maryanne op in die deel van die storie voordat hulle by die biblioteek kom.

